N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Erediens op 4 Oktober 2020 om 09:00

Prediker: Ds. Andries Potgieter

Teks: Handelinge 4:5-12
Tema: Jesus het jou lief.

5 Die volgende môre het die raadslede, die familiehoofde en die skrifgeleerdes in Jerusalem vergader. 6 Ook die hoëpriester Annas, en Kajafas, Johannes, Aleksander en al die ander lede van die hoëpriesterlike familie was teenwoordig. 7 Hulle het die apostels voor hulle laat bring en hulle ondervra: "Deur watter krag en in wie se naam het julle dit gedoen?" 8 Toe het Petrus, vol van die Heilige Gees, vir hulle gesê: "Raadslede van die volk, en familiehoofde, 9 julle verhoor ons vandag oor 'n weldaad aan 'n siek man en oor hoe hy gesond gemaak is. 10 Julle almal en die hele volk Israel moet weet dat dit in die Naam van Jesus Christus van Nasaret is dat hy hier gesond voor julle staan - dié Jesus vir wie julle gekruisig het, maar wat God uit die dood opgewek het. 11 Hy is die klip wat deur julle, die bouers, afgekeur is. Juis Hy het die belangrikste klip in die gebou geword. 12 Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie."

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

Baie geluk aan ons 70 - plussers wat die week verjaar:

Rita Matthee	4 Oktober
Maranda Steyn	8 Oktober
Marie Olivier	9 Oktober
Rina Fourie	11 Oktober
Piet Hugo	11 Oktober

Voorbidding

- **Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:**

- Joey Strydom van Buitekantstraat 57;
- Johanna Kriel van Rademeyerstraat 43A;
- Setta Wepener van Jan van Riebeeckweg 26;
- Alwyn Marais van Buitekantstraat 7;
- Carolien du Toit van Jakarandalaan 10;
- Anél Hugo van Bothastraat 25;
- Jan Maré van Keyterstraat 25;

- **Ons dink in die besonder aan die families van:**
- Andeline Olivier voorheen van Melvillestraat 1 na haar afsterwe op 30 September 2020;
- Tannie Eunice Els voorheen van Van der Westhuizenstraat 26 na haar afsterwe op 26 September 2020.

- **Ons bid ook vir die volgende sake:-**
- Uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg deur die voortslepende droogte geraak word asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;
- Dankbaarheid vir die reën wat die afgelope tyd in ons streek geval het;
- Die maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;

- Die moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe, die inperkings daar het die gemeentes swaar getref. Die gemeentes kon geen eredienste hou nie en toegang tot tegnologie is baie beperk.
- Die gemeentes is Bosnië beleef ook moeilike omstandigede.
- in die besonder die korona-virus pandemie.
    - o Sodat die virus nie verder sal versprei nie;
    - o Herstel en genesing vir dié wat reeds geïnfekteer is;
    - o Vrede en troos vir diegene wat geliefdes verloor het;
    - o Vir al die gesondheidspersoneel;
    - o Wysheid vir die regerings wat die uitbreek van die virus moet bestuur.

Program vir die week
Sondag: 4 Oktober 2020

- Lidmate word vriendelik versoek om slegs die hoofingang van die kerk te gebruik.
- Geen tee na die erediens sal bedien word nie aangesien sosiale afstand steeds geld.
- Offersgawes in die banke sowel as by die deure sal voortaan in die kassies by die hoofingang gegooi word.

Woensdag: 7 Oktober 2020

09:00 Vrouebybelstudie
18:00 Mannebybelstudie

ALGEMEEN

- **Koekies en Beskuit:**
  As gevolg van die inperking kon ons nie vanjaar basaar hou nie. Maar as jou koekie- en beskuitblikke dalk leeg is, hier is ‘n oplossing. ‘n Paar van ons gemeente-baksters bak koekies en beskuit op bestelling. Indien jy graag wil koop of wil bestel kontak gerus:
  Hermien van der Westhuizen by 0828509096.

  Op die kerkraadsvergadering gehou op 22 September 2020 is die volgende lidmate op die kerkraad verkies:
  Aldo Kroukamp en Bets Wilkinson.

- **Hulp aan behoeftige bejaardes**
  Die gemeente is tans betrokke by behoeftige bejaardes. Ons wil hul ook help met kruideniersware. Indien u hierby betrokke wil raak, kan van die volgende items by die kerkkantoor afgegee word:

Blikke 250 gram kitskoffie	Rooibostee - 80 sakkie pakke
Gewone tee-100 sakkie pakke	Weetbix – 450 gram
Blikkies tuna	2 liter Oros koeldrank
400 gram grondboontjiebotter	400 gram konfyt of 125 gram Marmite
Pakkies 2 minute noodles	Pakkies Mariebeskuitjies
Pakkies "Lemon Creams"	2,5 kg suiker

Baie welkom aan die volgende lidmate wat by ons gemeente aangesluit het:
Morné Nortier van Oudtshoorn-Wes;
Jeanette Janse van Rensburg nou Nortier vanaf Oudtshoorn-Suid;
Callie Daniël Koch vanaf Kangovalleie;
Marthiné Albertyn nou Koch vanaf Bellville-Uitsig; Johannes Hendrik Fourie vanaf Oudtshoorn-Park;
Mari Malan nou Fourie vanaf Oudtshoorn-Noord.
Mag jul hier 'n ware tuiste vind.

Die volgende babas is gedurende die inperking in ons gemeente gedoop:
Annerieke, dogtertjie van Henco en Charlot Minnie;
Divan, seuntjie van Stefan en Adellé Bence;
Moné, dogtertjie van Mandré en Wilizke Collins;
Rupert, seuntjie van Arno en Elreze van Wyk;
Carel Daniël, seuntjie van Callie en Marthiné Koch;
Je-Ané, dogtertjie van Morné en Jeanette Nortier;
Lianka, dogtertjie van Lucius en Danelle Potgieter.

- **Spesiale insameling**

  As gevolg van die pandemie, sal dit nie vanjaar moontlik wees om 'n basaar te hou nie.
  Die gevolg is dus 'n finansiële verlies van R250 000.00. Die feit dat daar ook nie optimaal eredienste in die kerkgebou gehou kon word nie, veroorsaak ook 'n offergawe verlies.

In die lig van bogenoemde inligting, wil ons vra dat u ons gebruiklike spesiale insameling in November, sal ondersteun in die gees van dankbaarheid en gehoorsaamheid.

Spesiale insamelingskoeverte sal in die gemeente versprei word. Dié koeverte kan in die posbus by die moederskamer geplaas word, of u kan 'n direkte EFT met verwysings spesiale insameling maak.

- **Gemeentelike finansies:**
  Daar word graag van die geleentheid gebruik gemaak om almal te bedank wat te midde van die baie moeilike en onseker tye, steeds hul bydraes elektronies oorbetaal of per koevert gee.

  Sou u van elektroniese betaling gebruik wou maak is die bankbesonderhede van die gemeente as volg:

NG Oudtshoorn – Welgeluk	NG Oudtshoorn – Welgeluk
Nedbank	ABSA
Takkode: 175205	Takkode:632005
Tjek: 1006783962	Tjek: 1120580066

Baie dankie vir julle liefde, vriendelikheid en lojaliteit gedurende hierdie baie moeilike tyd.